RUS DIE VOLGENDE GESLAG TOE

GEBEDSGIDS

WEEK VAN GEBED

5 -12 NOVEMBER 2017

www.sat7sa.org

DAG EEN

RUS KINDERS TOE VIR DIE LEWE

Baie kinders in die Midde-Ooste en Noord-Afrika (MENA) beleef konflik en onsekerheid. Die impak hiervan op hul geestelike en fisiese gesondheid is onmeetbaar. Dit is belangrik dat hulle weet dat God hul liefhet en dat hul na Hom kan gaan in tye van nood.
Ons maak God se liefde sigbaar aan miljoene kinders in die MENA en bring nuwe vreugde in hul lewe terwyl ons hul help om te glo dat God `n plan het met hulle.

Gebed vir dag een

- Bid asb dat die jongmense en kinders van die Midde-Ooste aan SAT-7 se programme blootgestel sal word en dit hul lewens positief sal beïnvloed. Vra dat hulle sal ervaar dat Jesus by hul is met die geloof dat God hul sal verlos, wat hul omstandighede ookal mag wees.
- Dank die Here dat Hy dit vir SAT-7 moontlik maak om programme te vervaardig wat kinders hoop gee vir `n beter toekoms. Bid dat SAT-7 sal voortgaan om jongmense, in `n snel veranderende streek, te help ontwikkel tot volwaardige volwassenes.
- Bid vir die kinders se fisiese en geestelike gesondheid. Bid dat slegte invloede nie `n blywende impak op hul sal hê nie.

DAG TWEE

RUS KINDERS TOE MET OPVOEDING

Hierdie reeds sukkelende MENA streek word verder geteister deur konflik. Daar is 'n groot behoefte aan inisiatiewe wat meer behels as die basiese humanitêre reaksie van die verskaffing van kos en skuiling. SAT-7 se nuwe kanaal, SAT-7 AKADEMIE, bied kwaliteit onderwys en moedig kritiese denke aan. Dit vorm die boustene vir 'n gesonder en sterker samelewing in die MENA.

Gebed vir dag twee

- Bid asb vir beter onderwys in die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Bid veral vir die 13 miljoen kinders wat nie toegang tot skoolonderrig het nie, dat hulle toegang tot leergeleenthede soos SAT-7 AKADEMIE sal hê.
- Dank God vir Sy voorsiening vir SAT-7 AKADEMIE en bid dat Hy sal voortgaan om hierdie kanaal te seën met die nodige kennis, hulpbronne en finansies om soveel moontlik kinders en gesinne te bereik.
- Bid dat elke program wat vir SAT-7 AKADEMIE vervaardig word, die kanaal se doelwitte sal bereik om holistiese onderrig, gesondheid, welsyn en sosiale ontwikkeling te bevorder.

DAG DRIE

RUS KINDERS TOE OM ANDER LIEF TE HÊ

In die Midde-Ooste en Noord-Afrika geld die kultuur van 'n oog vir 'n oog steeds. Dit is 'n "skande-kultuur " waar dit oneerbaar vir `n man is om nie wraak te neem wanneer hy of sy gesin, of selfs bevolkingsgroep kwaad aangedoen word nie. Aangesien baie aanvalle onlangs Christelike gemeenskappe geteiken het, is dit selfs meer noodsaaklik om hierdie siklus te verbreek deur vergifnis eerder as vergelding aan te moedig.
SAT-7 wil waardes van liefde en aanvaarding van ander se verskille in kinders se harte vanaf jong ouderdom kweek. Ons programme beoog om 'n verskuiwing in kinders se houding te bewerk en hulle aan te moedig om uit te reik na diegene in nood.

Gebed vir dag drie

- Bid asb vir die Heilige Gees om die harte van kinders in die MENA aan te raak, sodat hulle mekaar sal help en lief hê asook die ander se verskille aanvaar.
- Bid dat hierdie kinders sal opgroei met God se liefde in hul harte en vergifnis en versoening in hulle gemeenskappe bevorder.
- Bid vir diegene wat alleen en geïsoleer is, dat hulle gemeenskap van gelowiges ervaar deur SAT-7 se programme.
- Bid vir diegene wat onder geweld gely het, vir fisiese en emosionele genesing en bevryding van haat en weerwraak.

DAG VIER

RUS KINDERS TOE OM CHRISTUS TE VOLG

Aangesien politieke onrus en magsmisbruik algemeen in die Midde-Ooste en Noord-Afrika voorkom, het mense dringend goeie rolmodelle nodig om na te volg. As Christene is Jesus Christus ons voorbeeld en ons streef daarna om soos Christus te wees in alles wat ons doen. SAT-7 poog om kinders in die streek te leer om ook na Jesus Christus te kyk as hul rolmodel.
Ons bereik dit deur hulle aan te moedig om Jesus te leer ken, Hom te loof, te aanbid en uit te reik na Hom in nood. Deur Bybelse verhale help ons kinders om Christus se karakter te leer ken, Sy optrede teenoor ander en Sy leerstellings. Kinders wat Christus leer ken en Hom volg, word self goeie voorbeelde, beïnvloed hul gemeenskappe en stel later aan hul eie kinders die voorbeeld van navolging van Christus.

Gebed vir dag vier

- Bid asb vir die kinders in die MENA om die Woord van God te verstaan en te aanvaar as die enigste Waarheid.
- Dank God vir die miljoene kinders wat na ons programme kyk en wie se lewens verander is omdat hul Jesus leer ken het.
- Bid dat die kinders sal groei in kennis van Hom. Bid dat hulle deur die werking van die Gees Christus as Verlosser sal aanneem, Hom volg en groei in geloof. Bid dat hulle geïnspireer sal word om meer soos Jesus te word.

DAG VYF

RUS OUERS TOE OM HUL KINDERS OP TE VOED

Geweld en onrus eis sy 'n tol op ouers sowel as hul kinders. Aangesien miljoene gesinne hulself in vlugtelingkampe bevind, aan skok ly en alles verloor het, ontstaan probleme onvermydelik binne families. Ouers kan depressief selfs gewelddadig raak as gevolg van trauma. Ouers is die belangrikste invloed in hul kinders se lewens. Kinders moet sien dat hul ouers glo dat God by hulle is en hul nie verlaat het nie. As die pilare van hul gesinne benodig ouers self ondersteuning om sterk te kan wees vir hul kinders en om hul eie emosies te verstaan.
SAT-7 bemagtig ouers om hul kinders geestelike en praktiese leiding te gee, hulle te help met hul skoolopleiding en na hul gesondheid en welsyn om te sien. Deur ouers toe te rus om goeie voorbeelde te wees, stel ons hulle in staat om positiewe waardes deur te gee, waardeur 'n beter toekoms vir die streek verseker kan word.

Gebed vir dag vyf

- Bid asb vir vlugtelinge en ontwortelde gesinne. Bid dat ouers in hierdie situasie leiding sal soek oor hoe om hul gesinne te help en om God se leiding in hulle lewens te soek.
- Bid dat SAT-7 se ouerskapsprogramme deur baie gesinne gekyk sal word en dit hulle sal toerus.
- Bid dat die siklus van huishoudelike geweld verbreek sal word.

DAG SES

RUS KINDERS TOE OM TRAUMA TE VERWERK

Die helfte van diegene wat geraak word deur die brutale oorlogvoering wat 15 miljoen mense in Sirië, Jemen, Egipte, Irak en Libië ontwortel het, is kinders (UNHCR). Hierdie kinders het dinge gesien en ervaar wat geen kind ooit moet sien nie.
Trauma kan die lewens van selfs die sterkste kinders permanent knak, wat gedrags- en emosionele probleme veroorsaak. Vir sommige kan die sielkundige impak van hierdie traumatiese gebeure fisiese gesondheidsprobleme veroorsaak. Ander kan antisosiale gedrag openbaar of angstig en vreesbevange word.

Gebed vir dag ses

- Bid asb dat SAT-7 se kinderprogramme - insluitend regstreekse uitsendings, Bybelverhale, aanbidding, komedie, kuns- en opvoedkundige programme - kinders sal help genees deur hul geloof en hoop vir die toekoms te stimuleer.
- Bid vir die miljoene kinders wat negatiewe emosies soos vrees en woede ervaar, dat hulle nie in konflik en ekstremisme betrek word nie, maar die toekomstige vredemakers sal word.
- Dank God vir die baie getuienisse wat ons ontvang van kinders wat getuig van geloof en vergifnis, ten spyte van die swaarkry wat hulle ervaar het. Een voorbeeld hiervan is 10-jarige Myriam uit Irak, wat gesê het dat sy God sal vra om ISIS te vergewe.

DAG SEWE

RUS KINDERS TOE OM HUL REGTE TE KEN

Kinders het die reg om groot te word in 'n gesonde, gelukkige omgewing waarin hulle gekoester en beskerm word deur liefdevolle volwassenes. Hulle het ook die reg om onderrig te word deur onderwysers wat passievol is om die volgende generasie leiers van die MENA toe te rus.
Maar sosiale spanning, politieke onrus en konflik vernietig noodwendig selfs die mees basiese menseregte. Kinders is veral kwesbaar; hulle is dikwels die prooi van misbruik en manipulasie. In baie gevalle is die oortreder 'n ouer, voog of onderwyser. Baie meisies word gedwing om as kinders te trou, dikwels net om hulle te beskerm teen aanvalle of verkragting. Tragies word hierdie jong meisies dikwels juis misbruik deur die mans wat hulle gedink het hul sal beskerm.

Gebed vir dag sewe

- Bid asb vir die beskerming van vlugtelingkinders, wat kwesbaar is vir geweld en misbruik. Bid dat God by hulle sal wees en hulle beskerm.
- Bid dat SAT-7 baie ouers en onderwysers sal bereik wat oop is om te leer van nie-gewelddadige maniere om kinders op te voed.
- Bid dat God die owerhede in die MENA sal oortuig om 'n einde te maak aan die verskriklike praktyk van kinderhuwelike en om jong meisies te beskerm wie se mans hul misbruik.